

Innibos-crawls

Komedie-crawl by Ingwenyama Lodge

Met Dowwe Dolla, Barry Hilton, Pietman Geldenhuys en Hannes Brümmer

Datum en tyd: Vr 28 Jun om 16:00, 17:00 en 18:00

Bus optelpunt: NG Westergloed, Koraalboomlaan.

Tydsduur: 240 minute (4 ure)

Gradering: Volwassenes (geen o/18)

Kaartjieprys: R302

Produksie ondersteun deur Ingwenyama Lodge.



Die komedie-crawl is pret in die oortreffende trap. Dit is soos *pub-crawling*, maar hier word daar saam met die drinkgoed vermaak deur die land se top komediante aangebied. Maak jou reg vir 'n goeie dosis lagmedisyne.

Die feesgangers klim op 'n bus (optelpunt NG Westergloed) en ry dan saam met die toerleier na Ingwenyama Lodge naby Witrivier.

By Ingwenyama Lodge is daar 4 aandoenplekke waar daar saam met die pret en plesier, drinkgoed aangebied word.

Die eerste besoekpunt is Ibhubesi waar Dowwe Dolla gaan optree. Of is dit nou haar Ouma Dowe Dolla? Die twee baklei dit nog uit ... Ouma Dowe Dolla plaas geen wag voor haar mond nie. Verwag vlymskerp kommentaar, maar bowenal dat jou ore gaan tuit oor wat sy so onbevrees gaan sê.

Die volgende stop is Imvubu waar Pietman Geldenhuys gaan optree. Hy is omtrent alles waaraan 'n mens kan dink: Skotsman, akteur, musikant, radio-omroeper en natuurlik ook televisie-aanbieder van *Op die stoep*. Kom lag jou 'n papie vir al sy kwinkslae en verluister jou aan al die aksente wat hy so moeiteloos namaak.

Daarna stap feesgangers na Indhlovu waar Barry Hilton crawlers trakteer met sy eiesoortige humor. Hy weet van braai en hoe om spitsvondighede soos sout en peper rond te strooi.

Die laaste stop is die Sports Lapa waar Hannes Brümmer 'n energieke blits-aflerwing van sy skaterlagstaaltjies gaan gee oor die onstuitbare mars van tyd. Met sy tong ferm in die kies word daar nie doekies omgedraai oor die lewe, verhoudings en ouer word nie. Hier word heilige (en oor die muur) koeie sommer lag-lag uit die sloot gegrawe.

Moenie hierdie tafel wat met balhorigheid gedek is, misloop nie.

Dan klim die feesgangers weer op die bus om die tog terug Nelspruit toe aan te pak.

Kontankroeg beskikbaar vir diegene wat 'n ander soort drankie wil geniet.

Vergeet al jou bekommernisse en lag 'n slag.

Innibos Boeke-crawl

Met Elsabé Daneel, Wilken Calitz, Riana Scheepers, Helena Hetteema, Waldimar Schultz en Ira Blankenberg

Datum en tyd: Do 27 Junie 14:00, 16:00 en 18:00

Plek: Kaapsehoop

Tydsduur: 240 minute

Gradering: Volwassenes

Prys: R302 (ligte verversings en drinkgoed ingesluit)

Busse vertrek vanaf NG Kerk Westergloed se parkeerterrein, Koraalboomstr. 36.

Produksie ondersteun deur Bohemian Groove Café, Silver Mist-gastehuis en en Van Loverenwyne

Die trefkrag van die digterlike woord gee by vanjaar se immer gewilde Innibos Boeke-crawl die toon aan. Ons toer weer agter woord en musiek aan na Kaapsehoop, die klein bergdorp met sy eiesoortige atmosfeer.

Die eerste stop is by Bohemian Groove Café waar aktrise en woordkunstenaar Elsabé Daneel kragte saamsnoer met musikant Wilken Calitz, bekend vir sy filmklankbaanwerk aan onder meer *Die wonderwerker* en *Kristalvlakte*, om ou en nuwe gedigte musikaal te laat opklink. Klanke word op die verhoog opgedis, opgeneem, verwerk, ge-'loop'en dan vermeng met voordrag om die verse tot op die been te ontgin. Só het jy ou bekende gedigte nog nooit gehoor nie!



liedere.

Die tweede stop is by Long Creek Lodge waar be kroonde en geliefde skrywer Riana Scheepers uit haar werk gaan voorlees. Maak jou gereed vir 'n sensuele luisterervaring soos min. Helena Hetteema is die musikant wat bekend is om haar gevoelvolle optredes van geliefde

Laastens stap ons na die klein kapel. Waldemar Schultz en Ira Blankenberg dra van Afrikaans se mooiste liefdesgedigte voor, naatloos verweef tot 'n verhaal waarin verlange, vreugde, begeerte, hartstog, skeiding, verlies en herinnering betekenis kry. Want, in die woorde van I.D. du Plessis, "die liefde neem 'n duisend vorme aan".

Die Innibos Boeke-crawl is waar die krag van die woord gevier word!

ClemenGold Boerdery-toer

Met megaboere Abraham van Rooyen en Willem Kieviet en toerleier Erns Grundling

Datum en tyd: Sa 29 Jun 08:00

Plek: Indigo Fruit Farming, R538 na Kruger Mpumalanga Internasionale-lughawe

Bus optelpunt: ATKV-Boeke-oase by NHS

Gradering: Volwassenes

Tydsduur: 300 minute

Prys: R252

Boerdery-toer geborg deur ClemenGold.



ClemenGold en ClemenGold Gin het die afgelope twee jaar 'n pad saam met die skrywer, joernalis en TV-aanbieder Erns Grundling gestap. Eers het Erns met ClemenGold se gin en vrugte gaan stap in

Spanje vir die kykNET-reeks *Elders: Die Camino* (2018). In Oktober verlede jaar het hy ClemenGold Gin saamgeneem na Japan, vir die splinternuwe leefstylreeks *Elders: Japan*, wat kort ná Innibos op 4 Julie om 18:00 op kykNET begin. Erns het Japan besoek met die oog op die komende Rugbywêreldbeker en het ook twee pelgrimstogte daar gaan stap.

Nelspruit is natuurlik een van die tuistes van ClemenGold (SA se premium mandaryn) en Innibos-feesgangers kan uitsien na 'n interaktiewe plaasbesoek en natuurwandeling met megaboere Abraham van Rooyen en Willem Kieviet én skrywer Erns Grundling.

Kom leer meer oor produksiepraktyke, verskillende kultivars en die nuanses van vrugtebemarking. Erns deel op sy beurt insigte uit sy ervarings in Spanje en Japan en lees voor uit sy topverkoperboek, *Elders*. Hy gee ook vir gaste tydens die Boerdery-toer 'n eksklusiewe voorsmakie van sy komende boek *Sushi en shosholoz*.

Die kaartjie sluit in 'n verfrissende ClemenGold Gin-verrassing by die plaasdam en 'n boksie ClemenGold vrugte.

Kom in gemaklike stapskoene.

York Secret Waterfall Tour

Datum en tyd: Vr 29 Jun 10:00

Busoptelpunt: NG Westergloed, Koraalboom

Gradering: Gesin

Tydsduur: 300 minute

Prys: R252



Verken die natuurlike skoonheid van York se plantasies en watervalle, tesame met heerlike verversings en goeie geselskap. Hop in 'n bussie en ontdek die pragtige Sabie-vallei, net 45 minute vanaf Nelspruit, deur die immergroen berge en asemrowende bosboulandskappe. Al ooit gewonder hoe dennebome geplant word, of hoe lank 'n plantasie neem om te groei? Jou kundige gids sal al hierdie feite en ander interessante bosbou-inligting, wat al vir baie jare 'n stroom toeriste na die area lok, met jou deel. York Timbers is 'n dinamiese, geïntegreerde bosboumaatskappy wat meer as 93,000 hektaar se grond besit, sowel as aanlegte vir saagmeulens en laaghout.

Op hierdie unieke toer sal jy die asemrowende Manyeleti-valle besoek, asook die Emerald-waterval. Manyeleti-waterval is een van Sabie se verborge skatte, en is nie oop vir die algemene publiek nie. Aangesien jy 'n kort afstand na elke waterval toe sal moet stap, is dit belangrik om gerieflike skoene aan te trek. Onthou ook om 'n warm jas saam te bring, asook 'n kamera om al die pragtige herinneringe van jou besoek vas te vang. Maar bo alles, onthou om die tyd te neem om die grootsheid van die valle te geniet.

Kom saam met ons op hierdie reis, en ons sal sorg dat jou besoek by ons veilig, prettig en onvergeetlik is.

Kinder Storie-krôl

Aangebied deur Marlene du Toit van Mosaïek Opvoedkundige Sentrum

Datum en tyd: Wo 26 Jun tot Vr 28 Jun 9:00 en 11:00, Sa 29 Jun 9:00

Plek: ATKV Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum

Tydsduur: 60 minute

Gradering: Gesin

Prys: R82

'n Hele storiedorp om te ontdek! Hierdie opwindende produksie is een van die groot treffers die afgelope twee jaar, en vir die derde Storie-krôl vanjaar word nóg meer verbeeldingryke verrassings vir die kleinspan beplan! Dit is somer groot boeke-pret vir want min dinge betower soveel soos 'n regte-egte storie...

Binne die storiedorp is vier verskillende storiemente en die kleingoed "krôl" van die een na die ander om na verskillende voorleesstories te luister. Elke storiement word omskep in 'n fantasiewêreld om by die spesifieke boek te pas en sal die kleuters se verbeelding aangryp. 'n Klein bederfie vir elke kleuter se goeters-sakkie (*goody-bag*) word by elke storiement uitgedeel.

Die Kinder Storie-krôl is gemik op 2-8-jariges, en word gelei deur ervare kleuterskoolpersoneel. Mamas en pappas kan die kleingoed begelei (gratis) of ontspan by die koffiewinkel by die ATKV-Boekeoase terwyl die kleuters meegevoer word na 'n wêreld vol stories.

Hier ontdek kleingoed op 'n prettige manier hoe lekker lees is, en dat boeke 'n mens somer baie slim maak!

Hierdie program is onderhewig aan veranderinge.

